# Blou-en-groen druppel projek

## AfriForum toets watergehalte in Noordwes

AfriForum het die water in 27 dorpe in Noordwes tydens Mei 2017 getoets om die gehalte van dié dorpe se drink- en behandelde afvalwater te bepaal. Sowat een miljoen mense gebruik hierdie water.

Die 27 dorpe is: Hartebeespoort, Brits, Mooinooi, Rustenburg, Buffelspoort, Swartruggens, Zeerust, Koster, Lichtenburg, Coligny, Wolmaransstad, Makwassie, Leeudoringstad, Klerksdorp, Orkney, Hartbeesfontein, Ventersdorp, Stilfontein, Potchefstroom, Sannieshof, Delareyville, Ottosdal, Bloemhof, Christiana, Schweizer-Reneke, Vryburg en Stella. Die Noordwes Universiteit (Potchefstroom-kampus) se water is ook apart getoets.

"Ons het vasgestel dat die drinkwater in die provinsie skoon is en geen swaar metale bevat nie. Daarbenewens voldoen bakterieë vlakke aan toepaslike standaarde. AfriForum sal die watergehalte deurlopend toets om die grondwetlike regte van dorpsbewoners te beskerm en seker te maak dat hulle van skoon drinkwater voorsien word," sê Tiaan Oosthuizen, AfriForum se distrikskoördineerder vir Noordwes.

Die burgerregte-organisasie het egter sy kommer uitgespreek oor Hartbeespoort, Klerksdorp, Ottosdal, Potchefstroom, Schweizer-Reneke en Vryburg se behandelde afvalwater wat nie aan die gestelde standaarde voldoen nie.

"Ons riviere word deurlopend deur ondoeltreffende riool netwerke besmet wat as gevolg van swak instandhouding deur die plaaslike munisipaliteite toenemend verval en ons waterbronne se gehalte bedreig," sê Oosthuizen verder.

AfriForum se nasionale blou-en-groen druppel projek fokus op die gehalte van dorpe se drinkwater en rioolaanlegte. Die projek fokus nie noodwendig op die toestand van die rioolaanleg nie, maar eerder op die watergehalte wat ná afloop van die proses as drinkwater (bloudruppel) of rioolwater (groendruppel) vrygelaat word.

"Ons versoek die inwoners van dié dorpe om AfriForum die mandaat te gee om die dorpe se watergehalte deurlopende te moniteer. SMS jou dorp se naam na 45351 om dié projek te ondersteun. Elke SMS kos R1," sê Alta Pretorius, AfriForum se streekskoördineerder vir Stellaland.

**AfriForum mediakennisgewing, 14 Junie 2017**

# ACADEMIC EXCELLENCE RECOGNISED

**Rustenburg** – The much anticipated annual awards and certification ceremony of ORBIT TVET College, where approximately 900 graduates' achievements were celebrated, took place at the Rustenburg Civic Centre on 25 May 2017. This prestigious event has become the highlight of the college calendar.

Sphiwe Sharp, one of the top achievers and an electrical infrastructure and construction level 4 graduate, did a sterling job as the motivational speaker. He urged his fellow graduates to always strive to excel in every task.

The cream-of-the-crop were the 15 top achievers who were awarded with certificates, trophies and cash prizes for their academic excellence. However, it was s M Mnguni and J Medupe who outshone their fellow graduates when they were named the NC (V) and report 191 dux students respectively.

Ms Mnguni, a NC(V) transport & logistics graduate from Mankwe Campus, was recognised for her consistent academic performance after obtaining an average of 84.33% and pocketing an unbelievable sixteen distinctions over her three-year period of study. Mr Medupe, on the other hand, obtained an average of 85.5%, with 10 distinctions during his period of study in engineering studies at the Brits Campus.

The college would like to sincerely thank ABSA and Standard Bank for their generous contribution, participation and sponsorship of the top achiever and dux students' awards.

The principal of ORBIT College, Maryna Marais, congratulated the graduates on their achievements. "No doubt that your lives have been transformed in more ways than one during the time you have been students at ORBIT College. It is now your turn to transform lives in your family, your communities, our country and even in our shrinking global village," Marais said.



J Medupe received the trophy as dux student for the report 191 (Nated) programmes. In the photo from left: Dr MG Nkagisang (chairperson of the college council), M Marais (principal of ORBIT College), J Medupe, L Nchochoba (EVB manager at Standard Bank Barongwa branch), and T Mosito (deputy principal: academic programmes & students support services)

# Impala tree as oorwinnaars uit die stryd teen Centurion


**Rustenburg** – Impala Rugby klub het verlede Saterdag, 10 Junie 2017, vir Centurion met 23-22 geklop. Die wedstryd is op die laaste nippertjie gewen toe Berto van Wyk die wenskop oorsit. Dumisani Matyeshana het 2 drieë gedruk en is as *man of the match* aangewys.

Die tweede span, die Vikings, het 25-7 gewen. Hulle is steeds in die liga en het sover 5 uit 5 wedstryde gewen. Dié span lê tans bo aan die punteleer.

Die eerste span is tans derde op die punteleer en speel vir die volgende 2 of 3 weke al hulle wedstryde weg. Die eerste van hierdie weg-wedstryde is teen die Dragons van Pretoria Noord, wat op 15 Junie plaasvind.

"Enige iemand wat by die Rustenburg Impala klub wil aansluit, is meer as welkom om hoofafrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299. Oefentye is Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00-19h30. Enigeen is ook meer as welkom om die manne tydens oefening te kom ondersteun. Kom loer gerus!" sê Naas Olivier, Newrak Impala Rugby klub besigheidsbestuurder.

# Boipelo scores double silver at National Champs



From left: Shihan Chris Seabelo and Boipelo Seabelo at the Ellis Park Sport Centre, Johannesburg.

**Rustenburg** – Boipelo Seabelo from SCM Karate club scooped double silver medals during the recent South African JKA karate national championships held in Johannesburg. She was also nominated to represent South Africa in the forthcoming world championships to be held in Ireland in August 2017.

"As her father and her trainer, I am very proud of her achievements and dedication," Shihan Chris Saebelo, father and trainer, said.

Boipelo has won several national championships and was crowned the 2014 JKA All Africa Grand Champion. She holds a second black belt and is currently a first year university student at City Varsity, studying film and television production.

"Karate keeps me disciplined, motivated and focussed to attain my future goals," Boipelo said. She aims to become the first North West female karate world champion, and continues to train for the Tokyo 2020 Olympics, in which she hopes to participate.

**For any person or company that would like to sponsor her, please contact Shihan Chris Seabelo on 082-953 3809.**

TO LET

Orange Grove
Garden and Home Centre

Become part of our exciting new developments at Orange Grove Garden and Home Centre.
Please contact us if you are looking for the following possibilities:

Restaurant +350m²
Coffee Shop +150m²
Flee Market Stalls +25m²
Shops +70m²

Contact Sherilee Jacobsz on 082 901 6426
sherileejacobsz@ebjhld.co.za